

9.KONKLUSIE

In hierdie studie is die volgende navorsingsdoelwitte bereik:

- (1) Daar is in hoofstuk 2 aangetoon dat God se koninkryk die primêre fokus en rede vir bestaan van die ganse skepping is. Hieroor lewer die Ou Testament en Nuwe Testament voldoende getuienis.
- (2) In hoofstuk 3 is gekyk na die Bybelse ekklesiologie in die lig van God se koninkryk. Daar is vasgestel dat God se bedoeling met sy Kerk op aarde volgens sy Woord is om gestalte aan God se koninkryk te gee. Daarom het die kerk 'n missionale roeping.
- (3) In hoofstuk 4 is ondersoek ingestel na die tipiese kenmerke van die konteks waarbinne hierdie roeping vandag uitgeleef moet word en vasgestel dat dit verband hou met die verstaan van die dinamiese veranderende samelewing waarin die postmodernisme 'n groot rol speel.
- (4) In Hoofstuk 6 is gekyk na die koms van die Internet as deel van die eietydse konteks waarin ons leef. Daar is uiteengesit hoe die massamedia en veral die webblad van 'n gemeente gebruik kan word as missionale bedieningsinstrument van 'n gemeente. Benutting van elektroniese massamedia bied 'n gulde geleentheid aan die kerk om hierdie missionale roeping kommunikatief uit te leef.
- (5) In hoofstuk 8 is gekyk na die praktyk van webblaai in die NGK met die oog daarop om vas te stel hoe dit tans in die NGK gestel is met die benutting van webblaai in gemeentes. Deur middel van kwalitatiewe navorsingsvrae is elke webblad geëvalueer en daaroor is samevattend verslag gedoen.

Uit wat hierbo uiteengesit is, word tot die gevolgtrekking gekom dat die hipotese naamlik “dat gemeentes van die NGK nie eietydse elektroniese media (veral die gemeente se webblad) effektief benut om die gemeente se missionale opdrag (na binne en na buite) te dien nie”, waar is. Daar is in die studie aangetoon dat die missionale roeping van die kerk en daarmee van elke gelowige ten nouste saamhang met die feit dat die koninkryk van God die sentrale fokus van die kerk op aarde moet wees en dat God die Kerk as Liggaam van Jesus Christus op aarde wil gebruik om aan hierdie koninkryk gestalte te gee. Die dinamies veranderende konteks waarin die kerk vandag hierdie missionale roeping moet uitleef, bied veral met die koms van die Internet geweldige moontlikhede om lidmate en ander gelowiges toe te rus vir hierdie missionale roeping. Dit bied ter selfdertyd die moontlikheid om ander mense wat nie deel van die gemeente is nie en wat selfs nog-nie-gelowiges is, met die Evangelie van Christus te bereik. Uit die resultate van die kwalitatiewe navorsing blyk dit dat slegs 'n klein hoeveelheid gemeentes van hierdie missionale bedieningsinstrument bewus is en dat



sels hierdie gemeentes nog nie regtig weet hoe om die instrument in te span nie.
Hieraan sal die kerk ernstig aandag moet gee.

10.AANBEVELINGS

Ten slotte word 'n aantal aanbevelings vanuit hierdie studie gedoen vir die aandag van die NGK.

- 10.1. In die lig van die belangrikheid van hierdie saak, word aanbeveel dat die NGK op al die verskillende vlakke van die kerklike struktuur kennis neem van hierdie studie.
- 10.2. Die kerk word versoek om meganismes daar te stel om gemeentes bewus te maak van hierdie aangeleentheid. Die volgende moontlikhede word genoem:
 - Die plasing van artikels in die kerkblaai oor die aangeleentheid. Hier word veral aan 'n nuusblad soos die Kerkbode gedink.
 - Plasing van so 'n artikel op die NGK se webblad.
 - Verspreiding van inligting oor die saak deur middel van 'n brosjure aan alle gemeentes.
 - Die reël van konferensies vir gemeentes op streekbasis.
 - Gesprek oor die aangeleentheid oor RSG se kerknuus program Sondagoggende.
 - Plasing van artikels in die nuusblad van elke sinode.
- 10.3. Die kerk word versoek om hierdie saak in te sluit in die opleiding van teologiese studente deur met finale jaar studente daaroor in gesprek te tree.
- 10.4. Aangesien die meeste gemeentes verplig is om van professionele webblad ontwerpers gebruik te maak om vir gemeentes webblaai te ontwerp en dit in stand te hou, raak die finansiële uitgawe daarvan groot. Die kerk word derhalwe versoek om sterk oorweging te gee aan die moontlikheid om 'n kantoor vir Internetkommunikasie te begin. So 'n kantoor kan alle Internetkommunikasie vir gemeentes en kerklike vergaderinge hanteer. Gemeentes se webblaai kan daar ontwerp en in stand gehou word en toerusting kan inisieer word vir die benutting van massamedia en die gemeentelike webblad.
- 10.5. Die kerk word versoek om alles moontlik te doen om elke gemeente (of dan ten minste elke ring) in staat te stel om 'n eie webblad te hê. Sodra dit 'n werklikheid word, kan die kerk dit oorweeg om nie meer die onkoste aan te gaan om jaarliks 'n gedrukte jaarboek uit te gee nie, maar slegs 'n lys met gemeentes/ringe/ander instansies en diensgroepe se bronadresse op die kerk se webblad te publiseer waar alle inligting van elke gemeente gevind kan word.



Gebed.

Lewende Here en God,

U verlos ons deur die vreugde van U koninkryk in oorvloed aan ons uit te deel. Help ons nou om deel te wees van u oorvloed en instrumente te wees van u vrede.

U gee lewe, wonderlike, oorvloedige lewe, wat meer en meer word hoe meer en meer ons weggee en uitdeel.

Help ons om vandag te weet dat die hemelse boekhouding anders balanseer - dat liefde nie opgebruik kan word nie, maar meer en meer word hoe meer ons opoffer.

Dankie dat u aan ons goeie werke gee om te doen, sodat ons mekaar en U kan dien. Dit is 'n vreugde om u kinders te wees

Amen

(Met dank aan prof Nelus Niemandt)